# BOEKBESPREKING.

Ds. J. V. Coetzee: Neo-Calvinisme — verbastering of regte ontwikkeling? Uitgegee deur die Calvyn Jubileum Boekefonds, Potchefstroom. Prys 3/-.

Hierdie brosjure van ds. J. V. Coetzee, predikant van die Geref. Gemeente Potchefstroom, is geskryf na aanleiding van 'n reeks populêre beskouings wat ondergetekende oor artikels I tot IX van die Nederlandse Geloofsbelydenis in Die Hervormer geskryf het, en waar ds. Coetzee dit nie mee eens is nie. Die brosjure behoort tot die bitterste polemiese geskrifte op kerklik gebied wat in Suid-Afrika ooit die lig gesien het. Dit neem die vorm aan van 'n persoonlike aanval waarby die skrywer sy pen in gal gedoop het. Hierdie heftigheid regverdig dit dan ook volkome om daar geen notisie van te neem nie. Maar daar kom egter so 'n menigte van skewe en onjuiste voorstellings in voor, waardeur dit nie wenslik sou wees om stil te bly nie. En ook word aan ondergetekende bewerings toegedig wat nooit gemaak is nie. Die brosjure wek die indruk dat ds. Coetzee doodsbenoud is dat sy Neo-Calvinistiese gebou inmekaar sal val, en dat hy daarom so bitter is. Want as mens 'n sterk saak het, is persoonlike aanvalle nie nodig nie. 'n Goeie saak word deur skeldtaal nie bevorder nie!

Hierdie brosjure is aan die Herv. Teol. Studies „vir aankondiging en resensie" gestuur. Dit word hier egter alleen aangekondig, terwyl in 'n afsonderlike geskrif daar D.V. op geantwoord sal word.

S.P.E.

W P 44704 20/10/4